# ARISTOTELES EN DIE MACEDONIESE POLITIEK

Intreerede gehou by die aanvaarding van die leerstoel in die Wysbegeerte aan die Universiteit van Suid-Afrika

deur

H. J. DE VLEESCHAUWER

Dr. Phil. et Lit., Cand. Hist., LL. Dr. hon. causa

*The picture of Aristotle as nothing but a scientist is the reverse of the truth.*
*W. Jaeger: Aristotle (vert. Robinson), 1948, p. 321.*

Mededelings van die Universiteit van Suid-Afrika

Communications of the University of South Africa

A, 1 PRETORIA 1956

Om met u by die aanvaarding van 'n leerstoel in die wysbegeerte oar die eerste en die mees outentieke professor in die wysbegeerte van Griekeland te praat, is sekerlik niks ongewoons nie. Maar om andersyds aan u dieselfde professor as 'n politikus in Macedoniese diens voor te stel, mag in menige opsig paradoksaal skyn, selfs dan wanneer ek onmiddellik verklaar dat ek dit slegs by wyse van hipotese doen. Dit kan immers nooit meer as 'n hipotese wees nie, want ek moet hieraan toevoeg dat die bronne aan ans m.b.t. so 'n newe-amptelike aktiwiteit van die Lykeionleier niks of amper niks oorgelewer het nie. Ek kan my derhalwe nie aan u met bewysende getuienisse vir my hipotese voorstel nie, maar dat ans daardeur in staat gestel word om op die meermale geheimsinnige lewensweg van Aristoteles die meeste lig te laat val, wanneer ans hom terselfdertyd in sy dubbele hoedanigheid van filosofieprofessor *extra muros* te Athene en van saakwaarnemer van die Macedoniese staatsbelange in die hart van Attica beskou, is die enigste aanbeveling wat ek kan aanbied. Maar daarom moet ek u oak dringend versoek om my in die gegewe omstandighede nie meer te laat sê as wat ekself redelikerwyse wil sê nie.

Ons het ans in die filosofiegeskiedenis die Griekse wysgere veels te veel as suiwer vergeestelikte wesens en veels te min as lewende mense van vleis en bloed voorgestel. Teen hierdie algemene euwel van die geskiedskrywing wil ek dan oak in die pas gereorganiseerde filosofie-onderwys wat aan my toevertrou is, ingaan, nl. teen die euwel om mens en leerstelsel sander meer te vereenselwig. Hoe dikwels vergeet ans bv. dat Herakleitos se sombere, kwasie-Nietzscheaanse mistisisme van Efese in die allereerste plek die sin van 'n aristokratiese prates van 'n man van koninklike bloed teen die gelddemokrasie van stad en hawe besit? Hoe ligtelik sien ans oar die hoof dat Pythagoras onder die skutsmantel van 'n filosofiese skoal feitlik 'n politieke klub van afgedankte aristokrate te Metaponte bestuur het, waar die aristokratiese restourasie die eindbestemming van sy lewens- en geestesver-

nuwende kode was? Maar min historici hou rekening daarmee dat die „goddelike" Plato een van die mees befaamde lede van die Spartaanse opposisieparty te Athene was en dat *Die Staat* nie 'n utopie nie maar 'n praktiese program van filosofiese lewensvorming behels wat die Akademie as voorveronderstelling tot 'n politieke restourasie in aristokratiese rigting vir Athene en die hele *oikoménè* wil propageer? Wanneer ons so 'n intieme verbinding tussen die filosofiese leerstelsels en 'n politieke doelstelling aanvaar en behoort te aanvaar, val Aristoteles sekerlik nie uit die toon van die filosofiese lewe van die Hellas nie, wanneer ons ook by hom 'n politieke ideaal en 'n politieke bedrywigheid gaan veronderstel.

*  *  *  *

Die weerstand wat menige idealistiese Aristotelicus by daardie gedagte ondervind, vloei in die eerste plek nie voort uit die oorweging dat 'n wysgeer, 'n geleerde en 'n skoolleier, soos Aristoteles, 'n politieke aktiwiteit ontwikkel het nie, maar inteendeel daaruit dat hy so 'n aktiwiteit by voorkeur te Athene en as 't ware in diensverband met 'n vreemde, nie-Helleense moondheid ontwikkel het. Ek moet hier nogtans opmerk dat so 'n weerstand nie rekening hou met 'n aantal Griekse dinge en toestande van die IVde eeu nie. Demosthenes en sy patriotiese weerstandsbeweging is daarvoor verantwoordelik dat Macedonië dikwels, ook by die later historici, nie as 'n Griekse nie maar as 'n „barbaarse" moondheid voorgestel word. Athene het graag en ewe misprysend oor „barbare" gepraat, soos Parys nou en dan ook 'n ietsie misprysend oor die „provinsie" praat. Sekerlik kan van die Macedoniese volk as geheel nie beweer word dat dié 'n ewe suiwer Griekse karakter as die Griekse *poleis* besit nie, maar sedert die dae van Archelaos was ten minste die dinastie volkome gehelleniseer en die hoëre land- en wapenadel het dieselfde rigting so sterk ingeslaan dat die skeldwoord van die onverbiddelike Atheense redenaar nie volkome aan die realiteit beantwoord nie. Tog kan 'n mens aan die indruk nie ontkom nie dat Athene die hegemoniestryd tussen Filips van Macedonië en die Griekse wêreld nie met dieselfde oë as die vroeëre Lacedemoniese en Thebaanse beskou het nie, nl. as 'n interne stryd tussen outentiek Griekse stadstate om die politieke meesterskap, maar dit veelmeer as 'n eksterne gevaar vir die Grieke gehou het wat in talle opsigte, veral in psigologiese opsigte, met die Persiese bedreiging vergelykbaar was. Het Demosthenes sy medeburgers nie op die hart gedruk dat Pella 'n groter bedreiging vir die Griekse vryheid as die Perse daarstel nie?

Ons is te sterk geneig om Aristoteles weens sy tweevoudige verblyf van meer as dertig jaar en weens die kontinuïteit in die plaaslike, filosofiese lewe wat hy verteenwoordig, met Athene te ver-

eenselwig, om 'n Macedoniese politieke aktiwiteit van sy kant in die regte perspektief te sien. Ons voel so iets onwillekeurig byna as verraad teenoor die Hellas aan. Dit is egter ons wat hier verkeerd handel. Selfs te Athene en onder sy onbetwisbare volburgers het die oë vir die „Griekse feit", nl. vir die pan-Hellenistiese gedagte, oopgegaan. Aan 'n steeds groeiende fraksie van die hopeloos verpolitiekte stede van metropool en kolonies openbaar hulle die skadusye van die *polis*-partikularisme as die vernaamste oorsaak van die Griekse dekadensie sedert Perikles. 'n Bepaalde Griekse gemeenskapsgevoel ontstaan op die bodem van 'n intense *polis*-defaitisme. Weliswaar lei daardie gevoel nêrens nog tot die konsepsie van 'n korresponderende politieke bestaansvorm nie en die onuitroeibare hegemoniegedagte verydel elke poging om aan daardie gevoel 'n praktiese gestalte te gee. Die misères wat in ons tyd die deurbraak van die Europese eenheidsgedagte ondervind, laat ons beter as ooit tevore die gees en die noodlot van die Griekse wêreld in die IVde eeu verstaan.

Die pan-Hellenistiese sametrekking van die Griekse *poleis* tot 'n georganiseerde *oikoménè* bots selfs in die gees van die bestes, soos bv. van Isokrates, teen die vryheidsin en die outonomiegees van die engbegrensde en kortsigtige stadstaat, maar in weerwil van soortgelyke psigiese belemmeringe kan ons die politieke suksesse van Filips van Macedonië in die Hellas nie verstaan nie behalwe teen die agtergrond van so 'n groeiende eenheidsgedagte. In elke *polis* van enige betekenis kon 'n Macedoniese party wortelskiet, omdat Filips met sy superieure gawes van politieke aanvoeling aan die opposisie van elke stad voorspieël dat hy homself as die beliggaming van die pan-Hellenistiese gedagte voel, dat sy beleid juis daarop gemik is om gestalte aan die eenheidsdrome van die opposisie te gee en dat hy hom voorneem om die Helleense *oikoménè* onder Macedoniese leiding tot 'n eenheid te organiseer as noodsaaklike voorveronderstelling tot die verowering van Asië en die vorming van 'n Griekse wêreldryk. Die intelligentsia van Athene het in 'n aansienlike mate onder die sjarme van daardie toekomsbeeld gekom, weliswaar meer uit die besef van onmag ten gevolge van die na-Perikleïese tragedies as uit waardering vir daardie grandiose toekomsbeeld. En ek stel my dikwels die vraag of die vreemdeling, die *metoikos* Aristoteles hom te Athene met sy Macedoniese, pan-Hellenistiese drome werklik ewe eensaam gevoel het as Demosthenes met sy Attiese *polis*-ywer en sy pro-Persiese afleidingsmaneuwers.

* * * *

Van die persoonlike kant moes Aristoteles reeds 'n sterk Macedoniese gevoel besit. Hy stam uit 'n geslag wat sy Lacedemoniese oorsprong in opeenvolgende generasies lankal vir 'n Macedoniese heimatsgevoel verruil het. Hyself is, waarskynlik toe-

vallig, te Stageira, die mees vooruitgeskowe *polis* van die Griekse kolonie Chalcidië gebore. Die familie besit daar van die moeder se kant 'n landgoed. In die VIIIste of VIIde eeu het die geslag van mediese dokters van Messenië in die Peloponesos na die Noorde geëmigreer en hulle in Macedonië gevestig. As laaste van 'n lang familietradisie was die vader van Aristoteles, Nikomachos, geneesheer en lyfarts van koning Amyntas II, en daar is voldoende aanduidinge om te glo dat hy ook as politieke raadgewer van die koning opgetree het en in daardie hoedanigheid meermale met diplomatieke sendings sowel in Chalcidië as in suidelike en westelike Griekeland belas is. Sy gewone woonplek kon dientengevolge nie Stageira wees nie, maar wel die residensiestad in die skaduwees van die troon. Ons moet derhalwe Aristoteles as behorende tot die gehelleniseerde Macedoniese hofkring beskou en daarom kan ook by hom van geen ander lojaliteit sprake wees nie. Was Nikomachos by die geboorte van sy seun op sending in die bekende Chalcidië? Of het Phaistes, sy moeder, die bevalling in die vir haar vertroude streek wou afwag? Ons weet dit nie, maar ons weet wel dat die verowering van die skiereiland waarmee die gesin so nou verbind was in daardie tyd een van dié vernaamste oogmerke van die Macedoniese politiek daargestel het.

Waarom? Die agrariese dinastie en landadel droom te Pella van die verowering van voor--Asië, maar vorm onder Amyntas nog 'n suiwer kontinentale gebied sonder uitkyk op die see. En nogtans sonder 'n uitweg op die Egeïese see ontbreek die eerste geografiese voorveronderstelling vir enige ekspansie en enige Asiatiese oogmerk. Bowendien ooswaarts van Stageira lok die ryk goudmyn van die Pangasgebergte die opwaartsstrewende dinastie aan, want daarin moes Macedonië die finansiële basis vir elke grootskeepse maneuwer in suidelike of oostelike rigting vind. Vir sy ekspansie na Asië was 'n Hellenistiese konfederasie onder militêre voogdyskap van Macedonië egter 'n voorvereiste en, trouens, slegs op daardie voorwaarde kon die verowering van Asië as 'n Hellenistiese onderneming voorgestel word. Filips sal die eerste en Alexander die tweede taak uitvoer. Maar in elke geval, afstamming, familiekring en, as my moderne taal toegelaat word, nasionaliteit: alles drywe Aristoteles daartoe om die Filipslinie van die Macedoniese politiek te volg en alles belet hom om hom met die partikularistiese en outonomistiese koers van watter Griekse *polis* ook te vereenselwig. Dit skyn derhalwe van ons kant 'n suiwer perspektief-vergissing om Aristoteles die laste van die Atheense staatsburgerskap en 'n Griekse lojaliteit op die skouers te laai. Die Atheense wederwaardighede bewys hoe selfs die *polis*-partikularisme van 'n Demosthenes nie eens meer die maatstaf van die gewone Griekse civisme kon wees nie!

* * * *

Op die vele probleme wat die jeug van Aristoteles (gebore in 384) oplewer, wil ek nie ingaan nie. Waarskynlik het hy baie vroeg beide ouers verloor en het 'n familielid, nl. Proxenos van Atarneus, die voogdyskap waargeneem. Dwarsdeur sy lewe het die Stagiriet vir hom 'n vererende gehegtheid getoon en op sy beurt sy seun, Nikanor, aangeneem (volgens Zeller, die latere goewerneur van Kappadosië onder Antipatros). Steeds tref ons in ons handboeke aan dat Aristoteles sy empiries-wetenskaplike gees van sy vader se kant geërf het. Dit hang af van sy leeftyd by Nikomachos se oorlye, iets wat ons nie bekend is nie. Ek wil egter van my kant opmerk dat al die min of meer anti-spekulatiewe en empiriese figure van die pre-Aristoteliese filosofie, bv. Demokritos, Protagoras en Aristoteles self, almal van die noorderse koloniewêreld afkomstig is, en Aristoteles se geestesgesteldheid kan dus baie goed aan daardie bepaalde realistiese volksaard toegeskrywe word. Ons mag aanvaar dat Aristoteles tydens die lewe van sy vader in die omgewing van hof en adel vertoef het en opgevoed is en nòg die betiteling van Proxenos as Stagiriet, nòg dié van *oikeioos Aristotélous* kan as afdoende teenbewyse geld. Oor die graad van verwantskap van Proxenos met Nikomachos besit ons nie inligtings nie, maar die stad Atarneus is geleë in 'n streek wat 'n vername rol in die beplanning van die Macedoniese Asiëbeleid sou speel. Die voogdyskap self vind plaas te midde van die opvolgingstroebele tussen die dood van Amyntas en die troonsbestyging van Filips.

Vir die eerste keer verskyn hier egter Antipatros op die Macedoniese toneel, miskien die beste diplomaat en veldheer wat die opkomende wêreldmag besit het en waarmee, as my vermoede ten minste juis is, die politieke aktiwiteit van ons wysgeer regstreeks verbind sal wees. 'n Bekwamer en betroubaarder medewerker het agtereenvolgens Perdikkas, Filips en Alexander die Grote nie gehad nie. Hierdie besonne, realisties denkende maar gekultiveerde politikus voel nogtans baie minder Hellenisties as die dinastie en sal steeds, selfs wanneer Alexander die middelpunt van die Macedoniese politiek na Asië verplaas, die Macedoniese politiek van Filips teen die Asiatisme van sy geniale opvolger verdedig, tot wanneer hy juis om daardie rede in ongenade sal val en waarskynlik slegs deur die onverwagte dood van Alexander van ondergang gered kan word. Daardie versigtige politikus wou wel die Filippistiese hegemoniegedagte met woord en swaard dien, maar hy het die Asiatiese avontuur sterk afgeraai. En toe Alexander na die pasifikasie van die Griekse *poleis* en die herstel van die verbroke Liga van Korinthië deur die woelsieke Athene en sy bondgenote voltooi het, en tog teen die advies van Antipatros,die groot avontuur waag waarvan hy nie terug sal keer nie, word Antipatros aangestel tot regent van die metropool, maar hy is deur Athene verag en gevrees weens die doeltreffendheid

van sy anti-Hellenistiese optrede en die volstrek foutlose werking van sy informasiedienste, en beveg deur koningin Olympias aan wie se magwellus en intrigegees hy nie sonder brutaliteit nie die voet dwars gesit het. Die uur om Aristoteles in sy planne in te skakel, het egter op hierdie stadium nog nie geslaan nie.

* * * *

Op sewentienjarige leeftyd stuur Proxenos sy kwekeling ter voltooiing van sy opvoeding na die Akademie van Plato. Hy sal daar omstreeks twintig jaar, van sy sewentiende tot sy sesendertigste jaar — van 368 tot 347—vertoef. Nooit was die Atheense *demos* bitterder verdeel nie as in die tyd wat met die Korinthiese Liga afsluit (337) na die vernietiging van die Griekse magte deur Filips te Chaironea (338). 'n Pasifistiese demokrasie wat alle intervensie teen Filips, Persië of Sparta van die hand wys (Euboelos en Thrasyboelos) en slegs die ekonomiese welvaart van die stad op die oog het, staan in die verdediging teen 'n tweevoudige aristokratiese en teen een demokratiese opposisie. Die eerste aristokratiese party is die Spartaanse wat 'n bestuursvorm van orde en tug soos dié wat te Sparta heers as die redding van Athene beskou, waarvan Plato wel nie die leier nie maar tog die geestelike eksponent en *Die Staat* die filosofies-politieke manifes vorm. Ek het nooit verstaan hoe mens daardie hoofwerk van Plato as 'n utopie kon bestempel nie. Daarteenoor groei 'n Macedoniese party wat bewondering vir die lewenskrag van die agraries-militêre monargie van Pella koester, die kleinsteedse partikularisme vir die anargie van Athene verantwoordelik stel en aan die pan-Hellenistiese influisteringe van Filips 'n willige oor leen. Isokrates en Aischines openbaar met groot vrymoedigheid soortgelyke Macedoniese simpatieë wat as gesonde verstandstaal so sterk teen die verbale patriotiese demagogie van die *demos* indruis. Die demokratiese opposisie word aangevoer deur Demosthenes wat sy onbeheerste driftigheid enkel en alleen teen Macedonië rig en nie skroom nie om selfs die Perse ter hulp te roep ten einde die hegemonistiese partikularisme van Athene teen die verderflikheid van die Macedoniese pan-Hellenisme in die beroemde *Phillipica* en *Olynthiese Redes* op die skild te verhef. Ons moet ons die praatsieke en werkonwillige stad voorstel as 'n groot *debating-club pro* en *contra* die insigte van Macedonië, waar elkeen die gevoel het dat die *polis* iets van die verlede is en waar elkeen, die een met die moed van die wanhoop, die ander met die resignasie van die onvermydelike, om die Macedoniese feit konsentreer. Demosthenes beskuldig in sy voortvarendheid al sy opponente van oorgevoeligheid vir Filippistiese geld wat ryklik toevloei, waarskynlik ten onregte. Isokrates voer 'n drukke briefwisseling met Filips en doen 'n openbare beroep op hom om die saamtrekking van alle Griekse *poleis* in een groot Helleense moondheid (met behoud van hulle interne outonomie) tot stand te bring en om dan die gefedereerde

Hellas teen die Perse te keer. Van enige pro-Macedoniese sentiment kry ons egter by Plato nie die geringste aanduiding nie. Hy is en bly 'n man van Attica en die geestelike basis van sy Akademie is dwarsdeur aristokraties. Sy reise na Sisilië om aldaar die regerende tiranne tot 'n filosofiese insig in die tirannie te bring, het hy onderneem om sy eie politieke denkbeelde te realiseer, terwyl hy sy nie-Attiese leerlinge op die Akademie graag inspan om 'n pan-Hellenistiese klankbord vir dieselfde ideë te verkry. Maar sy vernaamste oogmerk bly die regenerasie van Athene, die *polis par excellence*.

Aristoteles het twintig jaar in die tuine en kamers van die Akademie vertoef. In dieselfde jare tel Athene twee skole van kwasie-onbeperkte faam in die toenmalige wêreld: die retoreskool van Isokrates en die filosofiese van Plato. Wanneer die keuse van Proxenos ten slotte op die Akademie en nie op dié van Isokrates nie geval het, het miskien wel die politieke atmosfeer daarin 'n woordjie meegepraat, maar dit het m.i. tog nie die deurslag kon gee nie. Dit mag vir hom nutteloos voorgekom het om Aristoteles by die reeds bekeerde Isokrates in die leer te laat kom, terwyl Plato se interne lering beter en veiliger by die Macedoniese aansluit en 'n baie wyer weerklank het, afgesien natuurlik van die ontsaglike prestigeverskil tussen beide inrigtinge in die Griekse wêreld. Die Akademie was immers by voorkeur die versamelplek van die Attiese aristokratiese jeug. Ek kan nie uitwei oor die Griekse skoolwese nie en dit mag hier volstaan om te sê dat die filosofiese *paideia* by Plato bedoel was as 'n persoonlike vormingskool van aristokrate ter voorbereiding van 'n gebeurlike nuwe magsoorname. Veral Atheners uit die aristokratiese minderheidsgroep en 'n aantal opposisie-elemente uit die demokratiese kolonie-*poleis* vind ons in 'n redelike verhouding om hom geskaar. Isokrates se skool op 'n retoriese grondslag opgebou, beantwoord minder aan so 'n verhewe *paideia*-idee. Dit kweek miskien praktiese politici en verstrek 'n praktiese politieke skoling in dié gebiede wat onmiddellik op die volksvergadering 'n weerklank kan hê. Daarom bestaan sy skool ook in 'n meer gemengde, nie so 'n politiek geselekteerde publiek nie en word die onderrig op 'n meer universeel Griekse plan gehou.

Wanneer Proxenos (of Antipatros) vir Aristoteles Plato bokant Isokrates verkies, kan ons dit nie aan sy bedoeling toeskrywe om te Athene 'n pro-Macedoniese onderrig te kom soek nie, want dan sou Isokrates ongetwyfeld baie meer as Plato die aangewese persoon daarvoor gewees het. Ek heg maar min waarde aan die berigte waarvolgens Aristoteles 'n rukkie by Isokrates in die skool sou gegaan het, maar ek is inteendeel van mening dat die onvergelyklike wêreldfaam van Plato en die opposisiekarakter wat die politieke atmosfeer van die Akademie kenmerk mekaar seker-

lik by die keuse versterk het. Daardie aristokratiese opposisiekarakter was aan die openbare *polis*-lewe van Athene goed bekend. En in die oë van anti-demokratiese kragte was in die jare, wanneer Filips die onderwerping van die Griekse weerstand onderneem, die skool van Plato behalwe die beste leerinrigting van die Oudheid ook die beste inrigting waar 'n politieke vorming na Macedoniese smaak gevind kon word, en waar 'n ernstige jong man die beste geplaas was om hom in die verwarde politieke lewe — party- en gedagtelewe — van 'n ontredderde stad soos Athene in te werk. Die beste filosofiese skool en die beste politieke observatorium: dit mag die twee deurslaggewende aanbevelinge wees wat Proxenos by sy keuse beweeg het.

Die groot probleme van die Aristoteliaanse biografie bestaan daar sowel in om 'n toereikende verklaring te vind vir die twintigjarige Akademietyd van die Stagiriet as om die ewolusie van sy denke en werke in die skaduwees van Plato te bepaal. Werner Jaeger het die laaste probleem op oortuigende wyse opgelos, maar daarop behoort ons nie in te gaan nie, want ons is vandag nie geïnteresseerd in die filosofie nie maar in die lewensloop van Aristoteles. Van die twee periodes van Plato, nl. die Sokratiese en die neo-Pythagoreïese, het hy slegs die laaste *de visu et auditu* geken. Hy het te Athene gekom in die dae toe kritiek van buite en waarskynlik ook van binne Plato op die verdediging gedring het. Dit vang met die *Thaeetètos* aan. Waarskynlik moet ons alle anekdotes m.b.t. Aristoteles se wanverhouding tot Plato eenvoudig as versinsels van filosofiese, anti-Peripatetiese stemmingmakery beskou. In elk geval, hulle mag heeltemal buite beskouing gelaat word. Maar die vraag waarom hy twintig jaar, tot by die dood van Plato, in die Akademie vertoef het, moet 'n oomblik oorweging geniet. 'n Filosofiese skool in Griekeland is nie 'n gewone skool in die huidige sin van die woord nie, waaraan 'n mens na gewonne rypheid van gees vaarwel toeroep om selfstandig te gaan dink en selfstandig te gaan werk nie. Dit vergelyk beter met 'n Akademie van private karakter waar leerlinge geleidelik tot volle medewerkers uitgroei. Maar twintig jaar — van die sewentiende tot die ses-en-dertigste jaar — is tog 'n spanne tyds wat enigermate verbasing wek.

Eintlik kan ons nie 'n bevredigende verklaring vir so 'n langgerekte skooltyd vind nie, waar ons die dinge uitsluitlik van die filosofiese kant sou wil beskou. Ons het egter wel 'n verklaring daarvoor by die hand wanneer ons 'n gelyktydige politieke mandaat in aanmerking neem. Tydens Aristoteles se Akademie-tyd word in die Noorde die Chalcidiese drama voltrek: wanneer Plato in 348/347 sterwe, val die laaste vesting waarvoor Demosthenes so bitter maar so vrugteloos teen die moedeloosheid en die komfortkultus van sy demokrasie geveg het. Vir 'n diplo-

maat soos Filips wat steeds onderhandelinge bokant geweld verkies, is 'n betroubare en eksakte informasie oor die geestesgesteldheid, oor die partyhandel, oor die persoonlike opinies van invloedryke persone, oor die grillige stemminge van die *demos* en oor die diskussies m.b.t. af te sluite akkoorde in hoë mate welkom. Het Demosthenes in hierdie verband een dag in volle volksvergadering nie uitgeroep nie: Hier is mense wat Filips op hoogte bring van alles wat ons gaan maak! Daar was honderde Atheners om op 'n aktiewe manier met Filips ter wille van 'n groter Griekse ideaal te kollaboreer soos daar ten tyde van die Franse Rewolusie 'n groot aantal onder die intelligentsia aangetref word wat dieselfde houding aangeneem het. Sou dan die verbete staatsman nie die vinger uitgestrek hê nie oor die hoofde van die *Ekklesia* heen na die Akademie waarin ons so menige Filippis tel, bv. Theophrastos van Eresos die Lesbiër, Erastos en Koriskos van Skepsis in die Troade, Heraklides van Pontos, Xenokrates van Trakië, ens. liede wat tot die eng vriendekring van Plato en Aristoteles behoort en wat almal iets met die duistere dinge van Macedonië te doen het. Die koloniale fraksie van die skool lyk heeltemal met belangstelling na Filips op te kyk. Sou dit dan so bevreemdend wees dat reeds tydens 'n leertyd wat hom tot die ses-en-dertigste jaar uitstrek en veral tydens die laaste gedeelte daarvan die seun van die koninklike lyfarts, van die ou vertroude raadsman van die hof, van dié man wat in die hofkringe as 'n daaglikse gas beweeg en diplomatieke dienste waargeneem het, die diplomasie van Pella nie as 'n lojale burger met gesonde realistiese en ernstige kyk op die dinge sou gedien het nie? Vertoef hy nie op 'n heeltemal onskuldige wyse in een van die beste galerye om die Atheense skouspel voor, en waarskynlik, danksy Plato, ook agter die skerms, waar te neem nie? Waarom sou Aristoteles nie 'n politiek gedien het wat sy innerlike goedkeuring wegdra nie? Wys die keuse van dieselfde man as precepteur van Alexander nie op 'n soliede en reeds gevestigde reputasie van lojaliteit en deeglikheid nie, en lyk dit nie soos 'n bekroning van bewese dienste nie? Sodra Aristoteles te Pella in sy nuwe hoedanigheid aankom, word hy die vertroueling en die huisvriend van Antipatros. Het Antipatros werklik slegs vir die eerste keer van Aristoteles gehoor wanneer laasgenoemde sy opwagting te Pella kon maak? Daar is in hierdie tyd nie 'n enkele politieke aanklag teen Aristoteles geuiter sover ons weet nie. Akkoord, maar waar geen presiese feite vermeld kan word nie, verraai die lawine van onterende beskuldiginge wat op hierdie tyd betrekking het soos dié van sjarlataneske wonderdokter, van skaamtelose homoseksueel, van swelger wat sy goed opgemaak het, ens., waarlik enkel filosofiese haat nie, of mag 'n deel daarvan nie op 'n politieke animositeit afgeskuiwe word wat saam met die teologiese *ubris* steeds die vernaamste bron van alle historiese oneerlikheid is nie? Ek herhaal uitdruklik dat ons vir die bevestigende antwoord op

hierdie vrae nie een volstrek volwaardige gegewe in die bronne kan vind nie. Maar vir hoeveel dinge van die Oudheid, selfs van Sokrates, Plato en Aristoteles, besit ons soortgelyke bewyse? Maar so baie dinge word vir ons duideliker en aanneemliker as ons die lewenswaardighede van Aristoteles deur die prisma van die eietydse politiek laat breek.

Die laaste probleem bestaan in die vertrek van Aristoteles uit die Akademie gelyktydig met die aanstelling van Speusippos as opvolger van die oorlede Plato. Die houding wat Aristoteles aanneem, bewys dat geen persoonlike breuk met Plato so 'n stap wettig nie. Plato se betrekkinge met sy koloniale leerlinge was steeds baie goed. Na sy vertrek open Aristoteles nie 'n Aristoteliaanse nie maar 'n Platoniese skool. In weerwil van sommige ernstige meningverskille oor die ideëleer, bly hy trou aan die Akadamie-tradisie en eerbiedig sy geestelike kontinuïteit. Meningsverskille het dus nie tot menseverskille gegroei nie. As rede vir die afskeiding van Aristoteles en 'n aantal van sy mede-leerlinge word aangevoer dat die lang uithuisigheid van Plato nie bevorderlik was nie vir die eenheid van 'n skool wat bowendien nog aan 'n felle bekamping vanweë die Isokratiese mededingster blootgestaan het. Twee groepe het hulle daarby gevorm, 'n konserwatiewe met Speusippos, 'n neef van Plato, aan die hoof wat die meester getrou wil volg dwarsdeur sy hele ewolusie en 'n progressistiese waarvan Xenokrates van Trakië die leiding geneem het en wat teen die nuwe Pythagoreïese koers gekant was. As nou Speusippos tot opvolger van Plato bevestig word, skei die tweede groep met Aristoteles, Xenokrates, Theophrastos e.a. af.

Daar het m.i. verskillende redes saamgewerk om daardie breekpunt te bereik. Dat filosofiese, somtyds hoog oplaaiende twist plaasgevind het, bied, gesien die hoë leeftyd van Plato, niks buitengewoons nie. Dat by sy afsterwe 'n soort sameswering van die suiweres teen die afvalliges voorgekom het, sal niemand verwonder nie. Aan die ander kant moet ons opmerk dat Plato self en die konserwatiewe groep uit suiwer Attici bestaan, terwyl die afgeskeide groep heeltemal van vreemde of koloniale afstamming is. Die Attiese aristokrate het hulle eenvoudig 'n leiding toegeeien wat deur hulle numerieke meerderheid geregverdig voorkom. In die derde plek was die aanspraakmaker Xenokrates as Trakiër netsoos Aristoteles 'n *metoikos* of 'n vreemdeling, terwyl Speusippos 'n volbloed Athener was. Sou dit in die troebel verhoudinge van die tydspolitiek nie wys wees om 'n leiding aan die Akademie te gee wat heeltemal in onbesproke hande lê nie? En aangesien 'n filosoweskool ook die besit van onroerende goed insluit, behoort ons dit nie as 'n regmatige verlange van Plato se familie te beskou om daardie goed in die familie te behou nie?

Die politieke omstandighede kan trouens die getroffe beslis-

singe volkome verstaanbaar maak. Plato sterwe in 348/347, d.w.s. wanneer die Chalcidiese kampanje sy eindpunt bereik het. In 348 het Olynthos in Macedoniese hande geval en word tot op die grond verwoes. Groot was die konsternasie in Athene toe daardie laaste Attiese bolwerk in die Noorde verlore gegaan het. Die vlammende aanklagte van die *Philippica* en die *Olynthiese* ***Redes*** wat Demosthenes tussen 351 en 348 gehou het, kry nou die waarde van waarheidgeworde profesieë. Maar vir Athene bly daar net oor, al moet dit ook met die dood in die hart geskied, om met Filips te onderhandel. Die regering en die opposisie sluit as 't ware 'n *gentleman's agreement* op 'n gematigde plan van passiewe weerstand. Na Plato heengegaan het, het die delegasie van onderhandelaars, nl. Philokrates, Aischines en Demosthenes, te Pella, aangekom en die debat moes uiteindelik op basis van die bitter *status quo* afgesluit word, tot groot ontsteltenis van die Atheense *demos.* 'n Xenofobie maak sy verskyning. Die *metoikoi* word in opsig van burgerregte gekortwiek. Was dit dan nie veiliger om 'n outentieke Attiese karakter aan die Akademie te gee nou dat die prestige van Plato se groot naam met sy dood self te grawe gedaal het nie? Aristoteles het hom as *metoikos* by sy lotgenote aangesluit. Sy Macedoniese nasionaliteit en die intieme verbinding van sy familie met die hofkring van die teenstander was deur die hele Athene geken. En was die verandering in die politieke klimaat van die stad per slot van sake nie van so 'n aard om 'n mandaat nutteloos te maak nie? Die einde van Aristoteles se leertyd te Athene wat met sy eerste fase van outeur- en denkerskap saamval, is m.i. aan die omstandighede te wyte, waarby filosofiese meningsverskille en politieke bewegredes mekaar ondersteun en in dieselfde rigting gewerk het.

* * * *

Aristoteles kry onmiddellik 'n nuwe werkkring, nl. te Assos waar 'n bekende Platonis, Hermias vir hom 'n klein vorstedommetjie aan die Troadiese kus uit die groot Persiese Westerryk uitgesny het. Die VIde brief van Plato waarvan die lang-betwiste outentisiteit deur die ontdekking van 'n papirusfragment van die Alexandrynse grammatikus,Didymos van Chalcentera, weer vastigheid verkry het, lewer vir ons die bewys van 'n politiek-filosofiese samewerking tussen die twee oud-Akademici van Skepsis en die sg. tiran wat egter so wys en matig regeer dat die aangrensende stede hulle vrywillig aan sy gesag onderwerp. Die samewerking vind op uitdruklike bevel van Plato as woordvoerder van die aristokratiese opposisie van Attica plaas. W. Jaeger het hierdie Assos-periode in Aristoteles se lewensloop as 't ware van uit die grond gerekonstrueer en het op so 'n manier vir ons onderwerp 'n nuwe vergesig geopen. Hermias wat nie geneig voel om Plato se filosofiese koningskap in die praktyk te stel nie, het egter die plan opgevat om na die Platoniese model van Athene 'n filosofiese skool in sy

staat op te rig, en toe die afskeiding van Aristoteles en sy groep hom so providensieel by die vervulling van sy plan tot hulp wou kom, het hy dadelik daardie opdrag aan Aristoteles toevertrou. Beide Platoniste, Erastos en Koriskos, asook Theophrastos en Xenokrates, het hom daarby tersy gestaan en sowel die bewaarde fragmente uit hierdie tyd as die baie voorbeelde wat almal na die Noorde wys en wat Aristoteles so kwistig in sy later natuurwetenskaplike werke ingelas het toon die rigting—die realistiese, empiriese rigting—waarin die Noordeling die Platoniese onderwys van Assos wou stuur.

Dit was egter maar een kant van Aristoteles se aktiwiteit. Of hy die reis na sy nuwe bestemming oor Chalcidië onderneem het, weet ons nie. Stageira wat in 350 verwoes was, word op sy versoek weer opgebou en die nog beskikbare verslaafde bevolking opnuut in vryheid gestel. Dit pleit sekerlik vir die invloed waaroor Aristoteles te Pella beskik. In 306 vertel Demochares dat Aristoteles na die val van Olynthos die lys van begoede burgers opgemaak het om die boete-oplegging en beslagneminge van Filips voor te berei. Ons doen goed om ons by hierdie geleentheid daaraan te herinner dat Demochares 'n neef van Demosthenes was en derhalwe 'n baie verdagte getuie is. Te Assos selfs heers onmiddellik na die aankoms van Aristoteles in 347 'n intense politieke bedrywigheid, waaraan die vriendskap tussen hom en Hermias nie vreemd kan wees nie. Hermias soek—heeltemal verstaanbaar—'n rugsteun vir sy klein en militêr-swak skepping, veral nou dat Artaxerxes Ochus die magstatus van sy ryk weer op soliede basis herstel het en selfs daarin geslaag het om Egipte te herower. En Filips soek van sy kant na 'n springplank en 'n brughoof vir sy gedroomde ekspedisie teen Persië. Die twee staatsliede het derhalwe te veel gemeenskaplike belange om nie spoedig 'n ooreenkoms te bereik nie. Of Aristoteles regstreeks tussenpersoon van Macedonië by hierdie onderhandeling was, kan nie met sekerheid vasgestel word nie, maar dat ten minste sy daaglikse omgang met Hermias en die identiteit van beider politieke ideë en insigte m.b.t. die pan-Hellenistiese beweging van Macedonië daarby 'n beslissende rol gespeel het, was onvermydelik. Waarskynlik word die skool van Assos na Mythelene op die naburige eiland Lesbos oorgebring, omdat die Rhodier Mentor as handlanger van Artaxerxes aanstalte maak om die oorlog na die Ida-streek oor te plaas. Theophrastos was daar tuis en besit daar 'n landgoed wat ongetwyfeld die nuwe vestiging materieel moontlik gemaak het. Aristoteles kry van Hermias sy niggie Pythia ten huwelik.

Daarbenewens het Aristoteles gedurende hierdie vyf jaar die basis van sy universele filosofiese stelsel gelê en die fundering daarvan van alle kante aangepak. Die rekonstruksie van die oorspronklike Aristotelisme maak die rewolusionêre en vir ons Aristoteleskennis beslissende prestasie van Jaeger se skitterende werk

uit. Weens sy innige verbinding met ons onderwerp wil ek daaruit slegs in die verbygaan beklemtoon dat Aristoteles die idealistiese politiek wat hy destyds onder regstreekse Platoniese invloed aangeklewe het en wat per slot van sake slegs in 'n klimaat van *polis*-partikularisme uitvoerbaar was, te Assos verruil vir 'n *Realpolitik* wat met die algemene empiriese rigting van sy denke strook, maar wat nie minder met die praktiese staatsbeleid van Macedonië en Hermias ooreenstem nie. Daardie *Realpolitik* graviteer om die sentrale gedagte deur Aristoteles self uitgespreek dat Griekeland alleen in staat is om 'n wêreldryk te vestig op voorwaarde dat dit verenig word. En die *poleis* kan slegs verenig word onder die monargistiese leiding van Macedonië. Was dit nie die terme self van die Filippistiese staatkunde nie?

Daarmee was die spekulatiewe en praktiese basis gelê vir die beroep van Aristoteles na Pella in 342 om die opvoeding van Alexander waar te neem. Wie lê aan die grondslag van hierdie beroep? Filips of Hermias? Jaeger en die meeste historici glo Hermias. Dan moet Filips Hermias geraadpleeg het, terwyl hy 'n formele soektog na 'n geskikte precepteur vir sy dertienjarige seun onderneem het. Is so iets vanselfsprekend? Is so iets selfs waarskynlik? Ek sou makliker verstaan dat Assos versoek word om Aristoteles wat tog min of meer in openbare diens by die bevriende Hermias verkeer, te laat vertrek sodra die besluit geneem is. Die inisiatief moet ons m.i. egter te Pella soek, by Filips of by Antipatros wat met Aristoteles goed bekend was. Dis nie die herinnering aan die lank oorlede Nikomachos wat Pella daartoe beweeg nie, maar wel inteendeel die deurlopende bekendheid van Aristoteles self as betroubare, politieke medewerker en as eersterangse wetenskaplike wat hom as 't ware vir daardie vertrouenspos voorbestem. Eers 'n jaar later, in 341, word Hermias in 'n hinderlaag gelok en deur Artaxerxes gekruisig na vergeefse pogings om deur foltering iets oor die oogmerke van Filips te verneem. Aristoteles was reeds te Pella toe daardie drama hom afspeel, en 'n mens verstaan dat die anti-Persiese gevoel sowel in die hofkringe as by Aristoteles hoog opgelaai het. Aristoteles het later te Delphi 'n epitaaf vir Hermias as Homeriese held en onsterflike musekind gekomponeer, waardeur hy hom later by die dood van Alexander die bekende *asebeia*-proses op die hals gehaal het. Alles wel oorwoë kry ons ook in hierdie fase van sy lewe en sy roemvolle afsluiting die duidelikste insig, wanneer ons Aristoteles beskou as medewerker aan die Filippistiese politiek, al kan ons by gebrek aan bewyse en getuienisse nie meer sê as dit nie.

Aristoteles vertrek onmiddellik in geselskap van Theophrastos na Pella om sy opwagting by Antipatros te maak vanwaar met die grootste waarskynlikheid sy nuwe, sy dit ook tydelike, lewensopdrag gekom het. Die keuse het op hom en nie op Isokrates geval nie. Die Filippistiese rektor van Athene was oor

die tagtig en dus nie meer geskik vir die taak nie en die Noordermense van Macedonië het spontaan gevoel dat die soliede realisme en die breë universalisme van 'n bekende Aristoteles meer vertroue inboesem as die steeds onberekenbare knapheid van die Attiese welsprekendheid. Die karakter van Alexander het bowendien behoefte aan 'n verstandelike dissiplinering as teenwig teen 'n alombekende natuurlike onstuimigheid, waarvoor die sofistiese wispelturigheid van die Atheense retoriek nie die nodige waarborge bied nie. Ek moet daar nog aan toevoeg dat Aristotelici veels te veel verbasing toon m.b.t. die nuwe lewensteater waarheen hulle held geroep word en dat Aristoteles m.i. nie so 'n onbekende en obskure figuur moes gewees het soos hulle dit wel voorstel nie. Van in Plato se tyd was hy te Athene 'n befaamde outeur wie se meerderwaardigheid in die Akademie selfs deur Plato in weerwil van somtyds diepgaande meningsverskille erken is, aangesien hy hom op 'n oomblik, waar die leeftyd nie meer die volle inset van die vermoëns toelaat nie, die versorging van sommige van sy werke toevertrou. Hy het bekend gestaan as 'n gewilde redenaar en 'n onklopbare dialektikus. Die Oudheid het Aristoteles nie geken op basis van dieselfde aktiwiteit en dieselfde *opus* soos ons hom tans ken nie, maar op basis van lank verlore werke soos die *Protreptikos* en veral die traktaat *Oor die Filosofie,* wat volgens Jaeger se oortuigende rekonstruksie stellig voor die Lykeiontyd geplaas moet word. Dit skyn my ondenkbaar dat die afskeiding van Plato se skool en die vestiging van 'n gesuiwerde Platoniese skool in die Griekse wêreld somaar onopgemerk verby sou gegaan het. Moet ons insgelyks nie in aanmerking neem dat geleerdes nog skaars in Macedonië was en Aristoteles almal myle ver verbygestrewe het nie? En kon die politici van Pella heeltemal onbekend wees met hulle enigste landgenoot wat met die Grieke op voet van gelykheid kon verkeer en na die kroon steek? Daar bestaan ook sekerheid dat Alexander met Aristoteles in die Macedoniese ideologie van die Filippistiese staatsdenke opgevoed sou word, omdat dit ook die staatsdenke van Aristoteles was en wat Antipatros later in beskerming sal moet neem teen oordrewe Hellenistiese neiginge en teen al te verleidelike Asiatiese drome. Ons weet dat beide, Aristoteles en Antipatros, die aanvang van die Asiatiese avontuur op die gepaste oomblik sal afraai en dat beide later nog in 'n gelyke ongenade sal val wanneer Alexander onbeteuelde loop aan sy Asiatisme laat, hoe verskillend die regstreekse aanleiding daartoe ook mag gewees het.

Ons bevind ons hier slegs aan die volstrekte begin van daardie epos. Alexander het sy vroegste opvoeding ontvang van 'n kreatuur van Olympias, nl. Leonidas, blykbaar 'n man van die streng metode. Op dertienjarige leeftyd moes sy opvoeding op 'n hoër plan voltooi word. Die effektiewe precepteurstyd van Aristoteles duur slegs drie jaar — tot 339 — wanneer Filips sy

seun stadig in die leiding van staatsake begin inwy. Aristoteles bly egter nog gedurende drie tot vier jaar in die nabyheid van die hof (tot 335) en laasgenoemde jare is vir ons miskien die donkerste maar die belangrikste van sy hele loopbaan. Die hof-atmosfeer blyk vir die stille arbeid van 'n prinse-opvoeding minder geskik te wees en dit vind plaas te Miëza, 'n dertigtal myl Suidwes van Pella. Filips het geen strenge huisonderrig vir sy seun gewens nie, maar het saam met hom 'n aantal edelknape in Aristoteles se onderwys laat deel. Ons tel daaronder Alexander se troue lewens-vriend Hefaistios, Ptolemos, die latere stigter van die Egiptiese diadochedinastie, die Kretenser Nearchos wat die Indiese Oseaan bevaar, die finansier, Harpalos, ens.

Regstreekse getuienis oor die omvang en metodes van Aristoteles se onderwys besit ons ongelukkig nie. Alexander se grenslose liefde vir Homeros en die Griekse poësie in die alge-meen stam nie noodwendig van Aristoteles nie, maar vir sy groot belangstelling in geneeskunde en natuurwetenskap vind ons geen ander oorsprong as Aristoteles nie. Ook Alexander se sin vir die organisasie van die wetenskap en die besluit om in sy leërtros geleerdes van alle aard op te neem om hom by die eksplorasie, die geskiedenis en die beheer van die verowerde landstreke be-hulpsaam te wees, asook historici om die annale van die kampanje te boek te stel, is stellig uit die brein van Aristoteles gesprote. Dit is moontlik, al wil ek nie so affirmatief as die meeste historici op hierdie punt wees nie, dat die diepere Hellenistiese sin wat Alexander in vergelyking met sy vader openbaar, 'n vrug van Aristoteles se onderrig mag wees. Dat hy Alexander ook die sterk anti-Persiese gevoel ingeprent sou het, soos V. Ehrenberg beweer, kan ek oor die hoof sien, want so 'n gevoel was sedert lankal 'n ingewortelde familietradisie te Pella. Daarbenewens mag aanvaar word dat praktiese en konkrete politiek buite die raamwerk van die skool geval het en dat Filips homself die praktiese opleiding van die troonopvolger in hierdie opsig voorbehou het.

Drie jaar later begin Filips met daardie praktiese staatsman-opleiding, wanneer Alexander die sestienjarige leeftyd bereik het. Vir Aristoteles gaan die toestand nou gevoelig verander. Van Miëza word na Pella en die hof verhuis. Daar is 'n ernstige en vir ons betekenisvolle aanduiding dat Aristoteles van hierdie oom-blik af by Antipatros inwoon, terwyl sy rol by Alexander geleidelik tot die gewone omgang of die toevalligheid beperk word. Van 340 tot 335 ken ons geen spesifieke opdrag vir Aristoteles nie. In 340 loods Filips 'n kampanje ver van Pella weg, na Byzantium en stel Alexander as regent oor die tuisland aan. Ons begryp dat hy hom Antipatros as raadsman gegee en aan sy troue en beproefde staatsman die inisiatiewe gelaat het. Die staatsleiding vind dus byna in Aristoteles se direkte omgewing en aanwesigheid

plaas en van hierdie oomblik af dagteken die onkreukbare vriendskap en hulpvaardigheid wat beide manne tot die einde gaan verbind. Alexander leer die krygsberoep in 'n paar kampanjes van geringer omvang tot wanneer sy vader hom te Chaironea in 338 'n belangrike kommando toevertrou waarvan hy hom uitstekend gekwyt het.

Intussen hervat die miséres wat periodiek die Macedoniese monargie in gevaar bring. Filips verstoot sy driftige vrou Olympias en Alexander gaan met sy vriende in ballingskap, en later sal hy tot twee maal toe die vorstelike gesag van sy vader trotseer. Die betreklike maklike bylegging van beide geskille op so 'n intrigeryke tydstip getuig van baie gesonde verstand by vader en seun. Ten slotte word Filips in 337 deur 'n sekere Pausanias vermoor. Alexander smoor met bekwame spoed en energie alle hofintriges wat sy troon bedreig, pasifieer 'n paar opstandige stamme in die Noorde en demp in 'n bliksemagtige optrede wat die destydse en ook ons bewondering afdwing die koalisie van Thebe en Athene, toe die mare van sy dood oor die Hellas gegaan het. Dat hy Thebe met die grond gelykmaak en sy bevolking uitmoor, terwyl Athene gespaar word, herhaal vir die tweede keer en heeltemal onverwags die houding van Filips na Chaironea. Gaan ons werklik te ver, wanneer ons daarin 'n bewys sien vir die bestaan van politieke konstantes te Pella wat Filips tot oorsprong en Antipatros tot bewaarder het? Aristoteles het vir seker niks bygedra tot die vestiging van so 'n beleid wat Athene deur oorreding probeer wen nie, maar hy het stellig geweet dat dit 'n vaste stelreël was waarvan Pella nie sonder uiterste noodsaak sou afwyk nie. Aristoteles het in hierdie jare 337-336 sekerlik niks om te doen nie, want selfs Antipatros was voortdurend uithuisig weens sy deelneming aan die pasifikasiekampanjes (bv. te Thebe). Na die herbevestiging van die Korinthiese Liga word dit heimlik stil te Pella. Groot dinge word beplan: die Asiatiese kampanje teen Persië word gebore.

Die plan voorsien 'n sterk tuismag onder bevel van Antipatros wat tot regent van Macedonië en Griekeland aangestel word met die doel om vir Alexander sowel in politieke as in militêre opsig 'n veilige rugdekking te bied. Alexander wou egter meer as 'n militêre ekspedisie loods. Hy konsipieer 'n grootskeepse ryksbou op basis van 'n wedersydse penetrasie van die Hellas en Asië. Die uitbreiding van die Hellenisme na die Ooste sou die natuurlike gevolg van die veldtog wees, maar die opening van Asië, van die „barbaarse" wêreld vir die Hellas moes by voorbaat georganiseer word. Hier voel ons, ook by ontstentenis van regstreekse getuienisse, die onmiskenbare hand van Aristoteles. As historiograaf word die Olynthiër Kallisthenes, 'n neef van Aristoteles en reeds bekend deur 'n Griekse Geskiedenis, aangestel met die doel om

die stemming in Griekeland in gunstige sin te beïnvloed deur periodieke, ditirambiese berigte en stemmingsbeelde oor die veldtog . . . met een woord die eerste oorlogskorrespondent van die geskiedenis. Wysgere, digters, historici en geleerdes sal die leër in sy opmars volg met die doel om die literatuur, die godsdiens, die folklore en die bestuurseienaardighede van die verowerde streke te bestudeer en om die aardrykskunde, die geologie, die plante- en dierewêreld aan die Grieke, veral langs die kanaal van Aristoteles, bekend te maak.

Dat Antipatros en Aristoteles by hierdie voorbereidings saamgewerk het, kan nie betwyfel word nie en by al twee het by daardie geleentheid 'n plan geryp waarsonder die kulturele voorbereidings van die veldtog maar half verstaanbaar bly. Die slagaar van Griekeland is nog steeds Athene, en Athene behoort rustig te bly ten einde geen geweld tydens die veldtog te moet gebruik nie. Die belange van beide manne moes mekaar vind, omdat hulle vanselfsprekend konvergent was. Die filo-Hellenisme van Alexander het wel enigermate kalmerend ingewerk op die stad, maar tog voel Antipatros dat hy behoefte sal hê aan 'n betroubare, swygsame, versigtige en diskrete man ter plase wat met die Atheense gees en sake goed vertroud is, wat nie as 'n direkte politikus bekend staan nie, maar wat aan die een kant as geheime ambassadeur Antipatros voortdurend op hoogte van sake hou en waar nodig ook op diskrete manier en onopvallend aan die stad 'n stemming of informasie kan meedeel. Daarvoor is Aristoteles die aangewese persoon. 'n Twintigjarige intimiteit met Atheense toestande het hom as 't ware providensieel vir daardie rol voorbeskik. Dit van die kant van Antipatros.

En van Aristoteles se kant? Aristoteles is nou vyftig en in die volle besit van sy filosofiese en universeel-wetenskaplike meesterskap, maar sonder bepaalde werkkring. Die gedagte om 'n Platoniese skool soos te Assos op te rig het hom bygebly. Na 'n afwesigheid van twaalf jaar en na Chaironea strem niks meer die pad om selfs te Athene so nié die opvolger nie dan tog die gelyke van Plato te word. So baie dinge het tans kalmer geword. Sy skool strewe 'n ander doel na, werk in 'n ander gees en met 'n ander *paideia* as die Platoniese. Die doel kan nie die skepping van 'n Attiese aristokrasie vir 'n nuwe *polis*-partikularisme van Athene wees nie, maar 'n ware pan-Hellenistiese skool wat hom tot die gemenebes rig volgens die nuwe formule wat sedert Chaironea by vriend en teenstrewer as nuwe kode van publieke lewe gegroei het. Die gees kon ook nie meer beliggaam word soos in die Pythagoreïes-Platoniese skool deur die priesterlikprofetiese idealisme van 'n Plato nie, maar moes gehoorsaam aan die realistiese oriëntering van die Noorde, en daarby van die gegewe feitlikhede en nie van geniale intuïsies uitgaan nie. Die

*paideia* of skoolorde kon ewemin op die verhouding van 'n geïnspireerde meester tot 'n trits ontvanklike leerlinge berus wat op hul beurt later meesters en leiers word, maar moet 'n verhouding wees wat deur selfarbeid en samewerking as 't ware 'n wetenskaplike amptenaregees ontwikkel waarby die gemeenskapsdoel primeer. Sonder om daarby enige politieke doeleindes na te strewe, pas nogtans wetenskap en staatkunde baie harmonies inmekaar. Die modelskool — die eerste universiteit van die wêreld — gekonsipieer deur 'n geniale brein, pas volkome in die planmatige ontwikkeling van 'n Macedoniese en Helleense wêreldstaat. Selde het planne van 'n politikus en van 'n wysgeer so meganies inmekaar gepas as dié van Antipatros en Aristoteles! In hoever Alexander self van dit alles op hoogte of daarby betrokke was, kan ons moeilik nagaan, maar sy toestemming en sy steun het hy sekerlik aan die beplande onderneming nie onthou nie. Aghonderd talente, ongeveer een miljoen dollar in huidige valuta, het die skatkis daaraan bestee om die oprigtingskoste van Aristoteles se skool te bestry. En vir iemand wat op daardie oomblik met geweldige finansiële probleme te kampe gehad het soos Alexander, moes dit werklik goedbelegde kapitaal geblyk het. Die nuwe skool kry ook dadelik rojale, byna onbeperkte staatsteun. Die Griekse *poleis,* en later die besette gebiede in Asië, kry bevel om Aristoteles van alle gewenste wetenskaplike studiemateriaal en dokumentasie te voorsien. Ons behoort meer as eenvoudige waardering van die kant van 'n leerling vir sy meester in al die maatreëls te sien. Die skool van Aristoteles kry daarmee die karakter van 'n staatsaak en maak deel uit van die politieke aksieplan wat Antipatros konsipieer om sy opdrag van regent tydens die grootste ekspedisie van die antieke wêreldgeskiedenis te vervul. Wat Alexander met die wapens beoog, wil die vérsiende Aristoteles met die gees dien!

* * * *

Omstreeks die middel van 335 kom Aristoteles as vertrouensman van Antipators te Athene aan. Met die stad was hy goed bekend en gelet op die defaitistiese klimaat van die verslae *polisdèmos* kon hy 'n vlot verloop vir sy sending en planne verwag. Antipatros het geweet dat hy persoonlik deur die Atheners gehaat word en enige Hellenistiese simpatieë koester hy waarlik t.o.v. die hoofstad van Attica nie. Deur die hoedanigheid van *proxenos* en die burgerreg wat die *Ekklesia* hom volgens protokol as koninklike ambassadeur na Chaironea moes verleen, laat hy hom as realis en mensekenner nie van die wysie bring nie. T.o.v. die Platoniese skool wat nou onder leiding van Xenokrates staan, voel Aristoteles nie die geringste verpligting nie en hy kon onmiddellik in geselskap van Theophrastos tot die installering van sy skool oorgaan. Hy was egter 'n *metoikos,* 'n vreemdeling en die wet van Athene verbied aan die *metoikoi* om binne die stadsmure enige onroerende goed

te verkry. Daarom het hy sy blik laat val op die geboue om die Apollotempel in die westelike voorstad, 'n plek wat aan die Atheners maar al te goed bekend was as gewone verblyf van Sokrates en as dialektiese arena van die Sofiste.

Aan die Lykeion gee hy, teen Griekse usansies in, die karakter van 'n geestelike vennootskap tussen die meester en sy leerlinge, wat as 't ware op ons universitêre en wetenskaplike navorsingsinstitute vooruitloop. Elke filosofiese lesing word voorberei deur die versameling van die adekwate materiaal, sake- en boekemateriaal, en aangesien die toestand ten spyte van alles nog meer na boeke as na sakemateriaal lei, kan hy die grondlegger van die eerste universiteitsbiblioteek en van die eerste dokumentasiesentrum word. Die voorbereiding van sy kolleges in die staatsleer bv. lewer ons 'n goeie voorbeeld daarvan. In stede van soos Plato die beste staatsvorm op 'n kwasie-mistieke manier uit die voorwaardelikheid van die hoogste goed te deduseer, laat Aristoteles deur Heraklides van Pontos die konstitusies van honderd-en-vyftig Griekse *poleis* versamel en die beste konstitusie op grond van hulle vergelyking en dosering bepaal. Mens voel geneig om hieraan toe te voeg watter pragtige werkmateriaal en dokumentasie so 'n kolleksie kon beteken vir die regent van die Griekse gemenebes! In die skool self word, sover ons weet, nie aan politiek gedoen nie. Dit sou trouens nie strook met 'n taak wat diskresie en tak verlang nie.

Die politieke situasie van Athene laat ons toe om dit alles beter te verstaan. Die meerderheid in die ontredderde Athene wil enige spesifieke openlike demonstrasie teen Macedonië vermy en selfs Demosthenes het heeltemal op die agterplan verdwyn om die leiding van die anti-Macedoniese opposisie aan die voortvarende Hyperides oor te laat. Die wyse middelklas-man Lykurgos herstel die ekonomiese lewe en die stad geniet spoedig 'n nuwe welstand en voel des te minder geneig om hom aan politieke avonture te waag. Die groot vraagstuk wat die stadslewe verduister, was die voedselskaarste wat periodiek voorkom weens die oorlogsrekwisisies van Alexander in die kolonies en wat begryplikerwyse kragtig geëksploiteer word deur die anti-Macedoniese party. Tot omstreeks 326 gaan alles betreklik goed, veral omdat Athene net soos die hele toenmalige wêreld diep onder die indruk van die weergalose grootheid van die wêreldhistoriese gebeure gekom het. Kallisthenes en ander panegiriste en sekerlik ook die Lykeion het na eie vermoë en persoonlike oordeel die propaganda vir die nuwe regime versorg.

Van 365 af begin Athene egter ernstig twyfel te koester aan die terugkeer van Alexander wat geen grense aan sy avontuur wil stel nie. En hoe groter daardie twyfel word, hoe meer die reaksie die kop uitsteek. In 324 word Lykurgos by die stads-

verkiesinge verslaan en die onversoenlike Demosthenes neem weer die teuels van die openbare opinie op, terwyl die verhoudinge met Macedonië voortdurend versleg. In dieselfde jaar verleen Athene asiel aan die gedroste finansieminister van Alexander, Harpalos, en by 'n vraag om ekstradisie, sorg die Atheners vir sy eie veiligheid in die stadsgevangenis waaruit hulle hom na die Peloponesos laat ontkom. Maar tog is die pasifistiese, Macedoniese fraksie nog sterk genoeg om Demosthenes op aantyging van omkopery deur Harpolos te laat beboet en in die woestyn te stuur. In dieselfde jaar kry die stad egter geleentheid om vir sy veranderde gees te getuig.

Alexander vaardig in 325 twee bevele uit wat Antipatros deur Nikanor, die seun van Aristoteles se eerstydse voog, Proxenos, te Athene laat afkondig. In die eerste plek gelas die vors die terugroeping en die herstel van alle bannelinge; in die tweede die goddelike erkenning van sy persoon. Die Atheense intelligentsia was skepties genoeg om in weerwil van alle Griekse begrippe die deïfikasie te aanvaar. Maar die terugroeping van duisende bannelinge en die teruggawe van eiendomme wat reeds lankal in ander hande oorgegaan het, was 'n baie neteliger aangeleentheid. Alexander se bedoeling was om daardeur alle bevolkingsgroepe met mekaar te versoen. By die dood van Alexander was Athene nog steeds besig om te beraadslaag oor 'n saak waaraan die ander *poleis* reeds hulle toestemming verleen het. Ons mag dus beweer dat te Athene wel 'n vyandige atmosfeer van wantroue heers en 'n gees van passiewe verset teen Macedonië bestaan, maar dat daardie houding nooit aanleiding tot ernstige botsinge gegee het nie. Antipatros het hom werklik voorbeeldig van sy plig gekwyt.

Te midde van daardie betreklike maar ysige kalmte val die Lykeiontyd van Aristoteles. In sy houding moet ons die jare voor 327 en dié na 327 onderskei, d.w.s. voor en na die teregstelling van Kallisthenes. Waar die plan, soos dit in die brein van Antipatros geryp het, met die hulp van Aristoteles volkome geslaag mag genoem word, moet ons erken dat die ander plan wat Aristoteles met behulp van Antipatros ten uitvoer wou bring, byna oor die hele lyn misluk het. U moet my nogtans goed verstaan. Van die kant van die wetenskaplike organisasie kan ons die Lykeion seersekerlik nie as 'n mislukking bestempel nie, want vir die hele toekoms van die Weste en tot in ons XXste eeu het dit die basiese vorm van die hoër geesteslewe en geestesskoling geword. Maar as 'n geestelike bindmiddel om Athene met Macedonië in die ideologie van 'n groot Helleniteit te versmelt, het die Lykeion volkome gefaal. Antipatros as 'n meer as matige Hellenis na Filippistiese model het onder daardie gedeeltelike faljiet nie baie gely nie, maar Aristoteles wat bokant elke positiewe diensverband met Macedonië verder in die toekoms en universeler as sy lasgewer sien, het daardie faljissement ongetwyfeld bitter aan-

gevoel. Waarom het die Aristoteliaanse deel van die politieke Lykeionprogram so jammerlik gefaal?

Omdat Athene uit die staanspoor Antipatros en die Lykeion met wantroue bejeën het en nooit enige tegemoetkoming vir hulle betoon het nie, asof hulle die politieke instelling sou deurskou het. Gedurende die twaalf jaar van Aristoteles se tweede verblyf te Athene is ons geen enkel insident nòg van die Aristoteliaanse, nòg van die Atheense kant bekend wat op 'n uitbarsting van vyandskap en gespannenheid van toestande, behalwe by die einde, wys nie. Athene het Aristoteles eenvoudig vermy. Daar is egter ook nie insidente wat in dieselfde tydsverloop op 'n toenadering tussen beide wys nie en daaraan kon die prestige wat van Alexander se weergalose oorlogvoering uitgaan niks verander nie, al moes 'n bietjie daarvan op die Macedoniese geleerdheidsinstituut neerkom. Athene het die Lykeion geduld, maar het hom deur die Lykeion nie laat vang nie.

Die eerste wat ons behoort op te merk, is die totale afwesigheid van Atheners onder die *commensales* of die *filioi* van die Lykeion. Jaeger het hierdie opvallende feit reeds aangestip. Ek het self sonder om daarby opsetlik enige volledigheid na te strewe ongeveer vyf-en-twintig Peripatetici opgespoor en onder hierdie aantal kon ek nie een Athener tuisbring nie. Die *Peripatos* is derhalwe nie soos sy beroemde voorganger, die Platoniese Akademie, 'n nasionaal-Attiese skool nie, maar 'n pan-Hellenistiese skool heeltemal in die gees van die Macedoniese beleid. Sy publiek is in die volle sin van die woord 'n toenmalige wêreldpubliek, van Pontos tot Sisilië. In die hart van Attica fungeer dus die Lykeion as 'n Macedoniese wêreldskool en word ook as sodanig deur 'n Athene, wat homself tot passiewe weerstand veroordeel het, beskou en behandel. Die Helleense *oikoménè* reageer gunstig en tot sy eie voordeel op Aristoteles se breë universalisme, maar Athene bly vol agterdog en grimmige misnoeë aan die kant van die pad staan. Aristoteles word feitlik in weerwil van sy allesomvattende wetenskap en sy breedste goeie wil deur Athene onder 'n soort sosiale kwarantyn geplaas!

Jaeger het in sy magistrale werk terloops gesê dat Athene Aristoteles se Lykeion ongeveer as die setel van die Macedoniese *Intelligence Service* beskou het. Ek wil enkel die vraag stel of Jaeger met daardie oordeel wel so ver van die waarheid is. Die *Peripatos* het sekerlik ook opgetree as 'n gekamoefleerde Macedoniese propagandaministerie. Athene het Alexander opreg bewonder. Daardie stad het steeds 'n sin vir grootheid besit en in sy eie range byna elke gebaar van grootheid voorbeeldig bestraf. Hoe handig ook Aristoteles die werklikheid mag verberg, Athene het altyd die Lykeion na die gegronde mening van Jaeger aan die Macedoniese heerskappy en regentskap oor Griekeland gekoppel.

Die chronologiese koïnsidensie tussen die instelling van die regentskap en die koms van Aristoteles moes in daardie opsig groot argwaan wek. Daarby kom nog dat die Lykeion weens die omstandighede oor 'n praktiese immuniteit beskik waarteen Athene nie verhaal het nie en wat om watter rede ook al, nie maklik in staat van beskuldiging gestel kon word nie. Daar kon dus teen die organisasie om die Musetempel wel niks presies ingebring word nie, maar sy bestaan alleen te Athene was 'n uitdaging en 'n belediging vir die gedempte *polis*-partikularisme van die nasionalistiese party.

Die eng verbinding tussen Aristoteles en Alexander en Antipatros bemoeilik natuurlik eersgenoemde se posisie te Athene. Ons mag ons afvra of Athene kennis gehad het van die Peripatetiese onderrig in die staatsleer. Waarskynlik ja. Dan moes die *polis* verneem dat in weerwil van alle goeie en versoenende insigte van die Stagiriet daardie leer tog wesenlik teen die fundamentele *polis*-beleid gerig is en by voorbaat as 'n teoretiese regverdiging kon geld van die staatsideë van Macedonië. Aristoteles se voorkeur gaan na 'n gematigde monargie wat steun op die *mesoi*. Laasgenoemdes verteenwoordig nou ook as gematigde sentrumgroep die met Macedoniese simpatieë behepte regerende party van Athene en daardeur die mikpunt van die nasionalistiese demagogie van 'n Hyperides en 'n Demosthenes. Hierdie faktiese ooreenkoms was nie van sodanige aard om die situasie vir Aristoteles en die Lykeion te verbeter nie. Ons kan moeilik aanvaar dat Athene heeltemal niks oor die politieke skoling wat deur die Lykeion verstrek word sou verneem het nie, aangesien dieselfde politieke denkbeelde deur 'n deel van die openbare opinie wat òf pasifisties neutraal òf Macedonies georiënteer was, gedeel word. Aristoteles moes dus in die oë van sommige fraksies nie enkel die verteenwoordiger van die vyand in die *polis* nie maar tewens die beliggaming van 'n reaksionêre staatsbewind wees, waaraan die demagogiese *polis* sedert lankal die herinnering verloor het.

Dat daardie wantroue deur die rumoerige nasionalistiese party terdeë onderhou word, ly nie twyfel nie. Wanneer die heldedom van Alexander in die egte sin van die woord nie grense meer erken nie en tot die Indus deurdring, wanneer berigte oor selfvergoding en rasvermenging sirkuleer wat die outochtone Athener eenvoudig as onsin en waansin moes bestempel en wanneer Alexander tot die terugtog deur sy eie troepe gedwing word, verloor sy getroues te Athene hul selfsekerheid en flikker die moed by die nasionale groepe weer op. In die krusiale jaar 324 vaardig Alexander, soos reeds vermeld, twee dekrete uit: die eerste beveel die terugroeping van alle verbannenes en die tweede die erkenning van sy goddelikheid. Athene, ek herhaal dit, was skepties genoeg om geen religieuse of filosofiese skrupules teen laasgenoemde aan te voer nie. Die Griekse godsdiens was

immers 'n religie sonder teologie, sonder erediens en veral sonder priesters, wat sake baie vergemaklik. Die ander maatreël daarenteen het 'n geweldige draagkrag. Meer as twintigduisend bannelinge moes na hulle haardstede teruggevoer word. Die maatreël sou in sommige gevalle die repatriasie van outochtone bevolkingsgroepe in die kolonies ten gevolge hê en orals die teruggawe van goedere waaroor reeds beskik was vereis. En watter vergeldingsmaatreëls moet 'n mens van terugkerende emigrante en verbanne regeringsliede nie verwag nie? Athene sloer egter met die saak wat nog nie sy beslag gekry het nie wanneer Aristoteles in 323 sterwe.

Die dubbele bevel word vanweë die regent Antipatros aan Athene oorgemaak, en waarskynlik nie toevallig nie, deur Nikanor, seun van Proxenos, voog van Aristoteles. Die verontwaardiging i.v.m. die bevel gaan op sy draer oor en op die natuurlike verbindinge waarvoor plotseling baie oë oopgaan. Die intieme verhouding van Aristoteles met die Macedoniese amptenaarswêreld word vir elkeen in die algemene impopulariteit glashelder. Hoe minder presiese feite aangehaal kan word, hoe kwaaier en onsinniger die losse gerugte loop. En alles wat Athene moes verduur sedert Alexander word op Aristoteles en die Lykeion saamgepak. Aristoteles word te midde van die algemene aanvoeling van die naderende einde as die agent van Macedonië en die Lykeion as die sentrale van die Macedoniese intriges beskou. Aristoteles was nie 'n baie vermoënde man nie en mens fluister die vraag: Vanwaar die geld? En elkeen maak asof hy baie goed weet vanwaar die geld kom. Demosthenes was 'n handige man!

Die wysiging wat in die verhoudinge van Alexander tot Aristoteles en Antipatros ingetree het, kon teen daardie algemene volksgevoel niks uithaal nie. In 327 het vir Aristoteles die tweede fase met die eksekusie van sy neef Kallisthenes aangebreek. Die Asiatisme van Alexander raak in onmin by die realistiese Macedoniese adel wat nie opgewasse is teen die grootse utopieë van hulle veldheer nie. Sy historiograaf Kallisthenes, neef van Aristoteles en sy leerling te Assos en te Pella, word in 'n sameswering betrek, waarskynlik ten onregte, en tereggestel. Dit was vir Aristoteles 'n noodlottige gebeure waarby die waardering van die filosoof vir die veldheer 'n gevoelige knou moes kry. Aristoteles het natuurlik onderskeid gemaak tussen Macedonië en Alexander. Terwyl hy in stilte sy gevoelens m.b.t. sy eertydse koninklike leerling opkrop, bly hy trou aan Macedonië en Antipatros wat net soos hyself die Asiatisme van Alexander verafsku en vrees. Later het die *Peripatos* sy houding t.o.v. Alexander gevoelig gewysig na die slagoffering van een van hulle aan die behoeftes van die imperium. Hulle beskuldig Alexander van megalomanie. Theophrastos wy aan hom 'n boek om hom as 'n tiran voor te stel en die hele geval sal sy nagedagtenis besoedel.

In 324 val ook Antipatros in ongenade. As soliede Filippis moes hy die Asiatisme as 'n afvalligheid aan die Macedoniese gedagte beskou. In verskillende stede van Griekeland was hy bowendien verplig om die demokratiese stadsbesture deur oligargiese te vervang, iets wat ten slotte met sy eie politieke oortuiging ooreenstem, maar nie strook met die insigte van Alexander nie. Bowendien het hy reeds meer as 'n jaar moeilikhede met Olympias, moeder van Alexander en het haar selfs in 325 elke inmenging in staatsake botweg verbied. Toe Alexander besluit om 'n kontingent rusbehoewende troepe huiswaarts te stuur en 'n kontingent vars troepe in Macedonië te lig, plaas hy die eerste onder bevel van Krateros met die bevel om die regentskap oor te neem, terwyl Antipatros die versterkinge na Alexander moet begelei. As pliggetroue dienaar het hy die bevel nie veronagsaam nie, maar hy vertoef nog in Klein Asië toe Alexander onverwags aan siekte oorlede is. So was die twee dienare van die tuisfront albei solidêr deur die koninklike ongenade getref, al mag dit ook in verskillende mate wees, en dit het beider vriendskap nog enger saamgesnoer. Athene het egter nie onwetend van so 'n staat van sake gebly nie en uit dit alles die logiese besluit getrek dat die einde nie meer ver kon wees nie. Die beste bewys daarvoor is die gerug wat by die dood van Alexander die ronde doen, en miskien wel van Olympias stam, as sou sy geheimsinnige dood te wyte wees aan vergiftiging. Aristoteles sou die gif voorberei wat Antipatros na Asië oorgebring het. Nòg die onsinnigheid, nòg die materiële onmoontlikheid kan Athene weerhou om geloof te heg aan lasterpraatjies waar dit gaan om die geestelike superieure binnekant sy mure te raak. Aristoteles raak meer en meer geïsoleer noudat ook menige aanhanger van Macedonië hulle van hom distanseer en word ook meer en meer die mikpunt van nasionalistiese vyandskap en belastering. Hy het prakties 'n beskerminglose *metoikos* geword. En Aristoteles was ongetwyfeld self 'n te realistiese observateur van mense en dinge om nie te besef dat sy werk gefaal het nie.

* * * *

Allerhande wilde gerugte van denkbeeldige katastrowe wat in die liggelowige Athene inslag vind, selfs die mare van Alexander se dood, doen die ronde. Toe laasgenoemde egter bevestig word, kom dit in Griekeland en veral te Athene tot uitbarstinge van verset en die nasionalistiese party van Demosthenes organiseer die repressie van die Macedoniërs. Hyperides neem die leiding en 'n skynliga is onmiddellik dwarsdeur die land dadelik op die been. Antipatros en Krateros in die bewussyn van die gevaar snoer hulle kragte saam om die Macedoniese verdediging, die laaste hoop vir Aristoteles, te organiseer. Dit is bekend hoe Antipatros danksy die superioriteit van die Macedoniese strategie die Griekse verset definitief smoor, Athene onderwerp en eiemag-

tig aan die koppige stad 'n traktaat oplê waar vir die eerste keer die Macedoniese realisme die oorhand op 'n vrugtelose filhellenisme behaal. Buitekant die mure hou 'n Macedoniese garnisoen voortaan 'n waaksame oog op die rumoerige partylewe. Vir Aristoteles het alles egter te laat gekom. Hy het tydens die laaste jare te veel in die brandpunt van die forum gestaan en sy eng verbinding en samewerkende vriendskap met Antipatros was te algemeen bekend om nou nie in die brandpunt van die repressie te staan nie. Die skool van Isokrates het daarby die voortou geneem en soos dit op alle tydstippe van die geskiedenis voorkom, soek 'n wetenskaplike minderwaardigheid graag na 'n politieke motief om die gevreesde meerdere te tref. As nie-Athener en as kwasie-Macedoniër was Aristoteles in politieke opsig feitlik immuun en daarom loods die teenstrewer 'n *asebeia-* of goddeloosheidsproses teen hom. As aanklaers fungeer Demochares, 'n neef van Demosthenes, en Demophilos, die woordvoerder van die Isokratiese retoreskool. Ons besef daardeur onmiddellik vanwaar die repressie kom en aan watter motiewe dit toegeskrywe behoort te word. Die aangevoerde motiewe bestaan in 'n gebaar van piëteit van Aristoteles t.o.v. sy oorlede vrou wat die geïmproviseerde skrifgeleerdes as godslasterlike kultushandelinge interpreteer en die himne ter nagedagtenis aan Hermias, twee dinge wat al te grotesk klink om nie na die woord van E. Zeller 'n camouflage van politieke en persoonlike wraakneming te wees nie. Die magistraat het egter die hele saak laat sloer weens die ondeursigtigheid van 'n toestand wat nog baie vloeibaar was en hy het waarskynlik verder gedink as die sleg geïnspireerde skrifgeleerdes en losgelate *démos.* Antipatros kon immers nog terugkeer! Die verstandigheid van die enigste verstandige by hierdie aangeleentheid het Aristoteles toegelaat om alle nodige maatreëls vir die veiligheid van sy skool en sy persoon te tref. Hy roep die skoolvriende bymekaar om aan hulle te verklaar dat hy Athene gaan verlaat om die stad die onvergeeflike skande van 'n tweede Sokratesmoord te bespaar, stel Theophrastos as sy opvolger aan en gee hom die skool *ad interim* oor. Dit laat my veronderstel dat Aristoteles alle hoop op terugkeer nog nie heeltemal opgegee het nie. Hy stel sy laaste wilsbeskikking op waarvan ons nog die oorspronklike teks besit en waarin hy Antipatros as die uitvoerder aanwys. Deur daardie laaste openbare handeling wat hy te Athene stel, toon hy nog 'n keer hoe nou die bande tussen beide dwarsdeur die lewe was. Aristoteles vertrek na Chalcis op die eiland Euboia om aldaar enkele maande later te beswyk.

Sy groot lewenstaak lyk vernietig. In die eensaamheid van Chalcis kon geen ander indruk hom bekruip nie en dit het sy lewensaand verduister. Hy het dit nie meer belewe dat in weerwil van die tydelike terugslag sy werk nie sou ondergaan nie. Hy was waarskynlik nog nie oorlede nie, wanneer Antipatros Athene vir

goed op die knie dwing en Demosthenes het die tekens van die tyd korrek verstaan toe hy vrywillig 'n einde aan sy lewe maak. Deur 'n wonderlike beskikking van die lot is Aristoteles en Demosthenes in dieselfde jare gebore en gestorwe! Die wantroue wat Aristoteles te Athene te beurt geval het, het na sy dood op sy skool oorgegaan en dit mag die massa lasterpraatjies verklaar wat die Oudheid uitgevind het in die besef dat sy intellektuele en wetenskaplike superioriteit nie aangetas kon word nie. Theophrastos, Demetrios van Phalera, Neleus en Stratoon (noteer, almal koloniales, nie Atheners nie) moes dit almal ondervind, maar dis 'n ander geskiedenis wat ek vandag nie hoef te vertel nie.

Indien ons Aristoteles met sy denke en werke op die wyserplaat van die geskiedenis sou moet situeer, behoort ons Plato as die visionêr van die idealistiese *polis*-partikularisme te beskou en Aristoteles as die visionêr van die Macedoniese wêreldstaat. Van die donkerste tye van hul afskuiwing na die Ioniese kus was politiek vir die Grieke die eerste en hoogste *paideia*-waarde en die etiek self van die mees *diesseitige* volk van die wêreldhistorie. Nie die religie en nie die skoonheid nie, soos Winckelmann dit in sy onversteurbare Romantisme geglo het, maar die harde *polis*-wet en die *polis*-politiek was die opperste maatstaf vir mense en dinge in die Hellas.

Toe Aristoteles as eensame banneling te Chalcis retrospektief op sy lewensweg sou teruggeblik het, moes hy in die donkerte van die stonde onvermydelik tot die insig van die sinloosheid van sy lewe en van die genadeloosheid van die Dikè t.o.v. sy persoon kom. En nogtans sou so 'n insig ongetwyfeld die grootste vergissing wees wat Aristoteles ooit sou begaan het. Dit waarvoor hy gelewe, gestry en ten slotte die ballingskap ingegaan het, was die toekoms. Vir die Griekse wêreld was die *polis*-tyd definitief verby. Die Macedoniese droom van wêreldmonargie en politieke universalisme was reeds werklikheid op die moment van sy oorlye. Die christendom het sy pad van universele godsdiens, danksy die Macedoniese drome, oop gesien, en die christendom het Aristoteles na 'n millenium van verduistering opnuut aan die spits van sy Westerse *paideia* geplaas waar hy hom tans ten spyte van alles nog bevind. Om daardie rol van onbewuste werktuig van so 'n wêreldplan te speel, moes hy as bewuste agent van daardie plan ondergaan. Dit is gewoonlik die lot van die grootstes. Dit was egter ook die werk van dieselfde onkreukbare en ondeurgrondelike *Dikè* dat hyself 'n geestelike wêreldplan sou word in ander hande as syne en dat hy politieke en religieuse magte dwarsdeur die geskiedenis sou dwing om instrumente van sy rehabilitasie te word.

## RÉSUMÉ

## ARISTOTE AU SERVICE DE LA MACÉDOINE?

La leçon inaugurale par laquelle j'ai pris possession de la chaire de philosphie à l'Université de l'Afrique du Sud fut consacrée à un théme susceptible de susciter bien des controverses. Que, présenté sous une forme thétique, ce thème puisse paraitre trop audacieux, j'en conviens, mais, présenté sous la forme d'une hypothèse, il peut à mon avis contribuer à nous faire saisir autrement et à nous faire mieux comprendre le *curriculum vitae* d'Aristote. Je dois la toute première idée de cette hypothèse à la lecture du magistral ouvrage de Werner Jaeger sur l'évolution d'Aristote qui a renouvelé de fond en comble nos connaissances sur le Stagirite. Réduite à sa plus simple expression, l'hypothèse développée ici consiste à attribuer au créateur du Lycée une double activité, poursuivie simultanément. Chez lui le savant s'est doublé d'un politicien qui eut la tâche de représenter, grâce à une amitié solide et indéfectible avec Antipatros, le régent d'Alexandre pour la métropole, la politique macédonienne sur les différents théâtres de sa carrière.

Le crédo politique dont il s'agit a trouvé son expression laconique dans un passage de la *Politique* (VII, 1327, b, 29 sq.): "La race grecque est capable de dominer tous les peuples si elle réussit à s'unir politiquement". Assurément, nous apprenons à connaitre par ces quelques mots l'opinion personnelle et le centre de gravité des convictions politiques d'Aristote, mais peut-on ignorer que le passage en question renferme tout aussi bien le credo fondamental de la politique de la Macédoine philippique. Et c'est grâce à cette parfaite coïncidence entre les vues personnelles du Stagirite au sujet de la grande Cause du moment, et les visées politiques de la dynastie progressiste dont l'histoire universelle s'est servie comme d'un instrument pour changer l'Antiquité en Occident, qu'Aristote a pu rester fidèle à lui même en se faisant l'homme de confiance d'Antipatros.

Les sources sont muettes sur cette activité politique accessoire de notre philosophe et nous comprenons pourquoi. Cette activité présentait à tout moment le caractère d'une mission secrète que l'adversaire n'a guère réussi à démasquer grâce à l'habile camouflage de l'enseignement scientifique qui plaçait un écran entre l'observateur athénien et le chef du Lycée. Cependant, Athènes a toujours soupçonné quelque chose de cette double activité et, comme nous le dirons tout à l'heure, c'est la raison de la méfiance qu'elle a toujours témoignée au Lycée et à son chef. Les suggestions qui militent en faveur de notre hypothèse se trouveront par conséquent plus dans les faits que dans les textes et plus dans le comportement de l'adversaire que dans celui d'Aristote.

Je dois relever tout spécialement qu'une semblable activité ne présente rien d'extraordinaire de la part d'Aristote, vu que, de tradition, celui-ci était sujet macédonien ou à peu près, et que Stagire n'avait certainement pas été la résidence habituelle de cette famille de médecins originaire de la Messénie mais émigrée depuis plus de trois siècles. Son père d'ailleurs fut le médecin personnel du roi Amyntas II. Au surplus, aucun lien ne le rattachait à Athènes et il n'existait pour lui aucune base morale ou juridique qui aurait pu l'obliger à épouser un patriotisme athénien ou les idéaux particularistes de la capitale de l'Attique. Interpréter par conséquent sa liaison intime avec la politique macédonienne comme une espèce de trahison ou en tout cas comme un manque de loyalisme vis-à-vis d'Athènes n'a aucune raison d'être et ne repose que sur une méconnaissance absolue de la Grèce du IVe siècle. Aristote fut attiré constamment vers cette cité à cause de son rayonnement scientifique, de même que la Macédoine se proposait de l'annexer à ses desseins politiques plus par la persuasion que par la violence. Le traitement d'Athènes par Philippe après Chéronée et par Alexandre après l'écrasement de la coalition athéno-thébaine au début de son régne le prouve mieux que les protestations verbales d'amitié les plus chaleureuses.

La mission politique d'Aristote semble avoir été inspirée par Antipatros, le fidèle lieutenant qui occupa de grands commandements et exerça sans interruption de hautes fonctions politiques sous les trois rois, Perdiccas, Philippe et Alexandre. Ce dernier lui confia la régence de tous les territoires européens, lorsqu'il se lança dans l'epopée d'Asie. Il est certain qu'Antipatros connaissait Aristote bien avant que ce dernier ne fut appelé aux fonctions de précepteur d'Alexandre. Dans ce cas il est possible — nous ne pouvons pas en dire plus — que le passage d'Aristote à l'Académie platonicienne pour un terme tout de même extraordinaire de vingt ans s'est prolongé si longtemps grâce à cette mission d'information dont Aristote devait s'acquitter au moins durant la dernière partie de son séjour à l'Académie. Pour cette dernière partie en effet on peut présumer que son apprentissage philosophique proprement dit était terminé et qu'il est resté à l'Académie plus en tant que collaborateur qu'en tant qu'élève de Platon. Une certaine animosité parait y régner entre l'élement etranger et colonial, qui éclata au grand jour lors de la mort du maitre.

La sécession d'Aristote et de ses amis est due principalement à la situation précaire de la politique athénienne à l'époque ou le dernier bastion chalcidique venait de tomber aux mains de Philippe. Aristote se rend tout de suite auprès d'Hermias et il fut sans le moindre doute mêlé à Assos d'une façon quelconque à la conclusion d'une alliance entre la Macédoine et le chef-philosophe de ce petit état d'Assos qu'Hermias venait de se tailler dans la région de l'Ida, dans le flanc occidental de l'empire perse.

Aristote ne met fin à son séjour que pour assumer par appel royal les fonctions de maitre d'Alexandre. Du séjour prolongé qu'Aristote va faire à Pella les années les plus importantes pour nous sont les dernières, lorsque l'éducation du prince a pratiquement pris fin et pendant lesquelles Aristote, sans occupation régulière, fut accueilli dans la maison d'Antipatros. Cette cohabitation revêt toute son importance, lorsqu'Alexandre, après la pacification de la Grèce et le rétablissement de la Ligue de Corinthe, commence les préparatifs de la campagne d'Asie qu'Antipatros et Aristote semblent avoir conjointement déconseillée.

Antipatros ne participera point à la campagne proprement dite, puisqu'Alexandre le destinait au gouvernement de la Macédoine et de la Grèce pendant son absence, mission de confiance, car le sort de la campagne dépendait de la tranquillité de l'arrière; mission délicate parce que la Grèce et tout particulièrement Athènes, quoique convaincues de leur impuissance, restaient toujours des cités turbulentes, capables de retours imprévisibles. Partout un parti nationaliste s'opposait au parti modéré collaborant généralement avec la Macédoine ou se confinant tout au moins avec prudence dans un pacifisme si utile pour le relèvement économique et le relèvement du bien être général. L'on reconnait clairement la main d'Aristote dans les préparatifs scientifiques de la campagne.

C'est alors que les projets formés par nos deux amis, Antipatros et Aristote, vont se rencontrer tout naturellement. Aristote, toujours sans occupation régulière, avait la nostalgie de l'école et rêvait de reprendre ses fonctions de chef philosophique. La pacification d'Athènes lui permettait désormais de s'y établir; l'Académie platonicienne et l'école d'Isocrate ne présentant plus pour lui que de menus dangers. La nouvelle Académie ne serait pas comme l'ancienne une école pour aristocrates attiques en quête d'une résurrection de leur *polis* et s'y préparant par la philosophie sous la direction d'un Platon, mais une école panhellénique projetant ainsi dans le monde des sciences et de l'esprit le grand rêve macédoniem d'un empire universel hellénique. La *paideia* nouvelle épouserait les rudes réalisme et empirisme nordiques et non plus le mysticisme hiëratique de Platon ou la versatilité plethorique du rhétorisme attique. L'école prendrait le caractère d'un institut de recherche basé sur la franche collaboration entre le maitre et ses élèves et non un club d'inspirés par les oracles du maitre.

Antipatros de son côté se savait haï par les Athéniens et il n'éprouvait pas du tout la même propension à l'hellénisme de son jeune maitre. Il appartenait et il appartiendra jusqu'à la disgrâce, à la vieille école de Philippe. Il mesurait toute la valeur que pouvoit avoir pour la Macédoine un homme qui en imposait par

son savoir et son bon sens et dont la discrétion était éprouvée, et en même temps un homme qui possédait une parfaite connaissance des hommes et des choses d'Athènes. Platon ne lui avait - il pas réservé pendant si longtemps une place de choix pour jeter des regards même derrière les coulisses de la politique urbaine. Un institut scientifique ne pourrait pas éveiller de soupçons et il aurait la chance d'être toléré plus aisément que n'importe quel autre service de liaison entre Pella et Athènes. D'Aristote il attendait en plus d'un enseignement conforme à la mission historique que la Macédoine rêvait de jouer et dont il était assuré qu' elle entrait également dans les idées d'Aristote, une information exacte et sure en toutes circonstances et il voyait dèjà dans le lointain fonctionner cet institut comme un centre d'ou pourrait émaner une action discrète mais efficace sur l'opinion publique. La circonspection d'Aristote qu' Antipatros avait déjà pu apprécier par contact direct prolongé donnait d'avance des gages de succès. Le Trésor prélevait huit cents talents - un million de dollars environ en valeur actuelle — pour couvrir les frais d'installation. Le monde grec et plus tard les territoires occupés furent enjoints de procurer au nouvel institut tout le matériel scientifique qu'il pourrait désirer. Aristote partit pour Athènes peu de temps avant qu'Alexandre passât le Rubicon.

Le plan muri dans l'esprit d'Antipatros a parfaitement réussi, semble-til. La tranquillité et l'orde imposés par les événements ont prouvé la parfaite gestion de l'habile régent. Aucun incident sérieux n'est venu troubler la paix, si ce n'est tout à fait à la fin de la régence proprement dite. Le plan d'Aristote a également réussi dans sa partie scientifique et rien ne le démontre mieux que le caractère de perennité de l' organisation qu'il venait de donner à l'enseignement scientifique dont a hérité sans modifications essentielles, l'université de l'Occident. D'ailleurs le seul Aristote que nous connaissons aujourd'hui est l'Aristote du Lycée, non celui de l'Académie, d'Assos ou de Pella. Toutefois la magnifique institution a manqué la partie essentielle de son but politique. Elle n'a réussi ni à amorcer l' union spirituelle entre la Macédoine et Athènes ni à contraindre Athènes à échanger son particularisme urbain contre une panhellénité sous direction macédonienne. Athènes, du moins le parti nationaliste d'Athènes et la vieille école d'Isocrate n'ont pas manqué de remarquer la coïncidence chronologique entre la fondation du Lycée et le commencement de la régence d'Antipatros et, connaissant de longue date, les rapports intimes d'Aristote avec le peronnel politique de la Macédoine, ils lui ont témoigné instantanément une méfiance hostile. Le Lycée n' eut que très peu d' échos auprès des Athéniens: on n'y rencontre guère d'élèves de l'Attique. On est étonné d'autre part de voir combien fut minime l'influence de cette institution sur la physionomie entellectuelle et scolaire d'Athènes.

Aristote a certes sa part dans la réussite d'Antipatros, en tant qu'informateur et conseiller politique. Le Lycée a rempli sa mission en tant qu'instrument de propagande en faveur du nouveau régime et de ce double point de vue les huit cents talents investis dans l'école constituèrent sans doute un capital bien placé. L'hostilité envers Aristote et le Lycée s'intensifiait à mesure qu'Athènes comprenait que le retour d'Alexandre devenait de plus en plus aléatoire. Elle atteignit son point culminant, lorqu'Antipatros chargea en 324 Nicanor, le fils du tuteur d'Aristote, de proclamer à Athènes les décrets de la déification d'Alexandre et du rappel des bannis. Ce fut en réalité la seule fois que les rapports directs entre la politique de la Macédoine et Aristote s'étalèrent au grand jour, et le parti nationaliste réconforté par la marche des événements tout autant que par la disgrâce encourue par Antipatros, s'est dressé contre la centrale macédonienne. Jaeger a noté qu' Athènes n'a pas manqué de considérer le Lycée comme une espèce *d'Intelligence Service* de Pella.

Dès lors, il n'est pas étonnant de constater comment Aristote a été directement impliqué dans la politique de répression anti-macédonienne, lorsque la mort d'Alexandre fut confirmée à Athènes. Le procès d'impiété qui lui fut intenté n'a rien à voir avec la religion. Ce fut, d'après un mot de Zeller, une vengeance politique et personnelle contre Aristote. Aristote a pu échapper au destin qui l'attendait par la fuite à Chalcis en Eubée, après avoir assuré l'avenir de son école et après avoir désigné Antipatros comme son exécuteur testamentaire. S'il est vrai qu'Aristote en instrument conscient du panhellénisme macédonien a fait faillite à cause de la résistance incompréhensive d'Athènes, l'idéal pour lequel il a vécu a triomphé malgré tout. Au moment de sa mort, il était déjà évident pour tout le monde que l'époque de la *polis* particulariste était révolue et que l'ère des grands empires politiques et de l'universalisme spirituel avait fait son apparition.